higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

(8021002)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

Let Wel: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
3. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat 'n spasie en trek 'n lyn oor die bladsy nadat elke vraag voltooi is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Dui aan watter een van die volgende stellings korrek is:

A Wetgewing beskryf watter remedies of oplossings ten opsigte van regsprobleme toegepas moet word.
B Daar is geen gemeenregtelike remedies vir regsprobleme nie.
C Alle misdade word gedek deur wette wat deur die parlement aangeneem word.
D Gemenereg word nooit gebruik om wetgewing te vertolk nie.

1.1.2 Kies die mees korrekte stelling:

A Gebruike is kulturele praktyke waarvolgens diere leef.
B Ten einde as deel van die reg beskou te word, moet 'n gebruik redelik wees en moet die inhoud en betekenis daarvan seker en duidelik wees.
C In Suid-Afrika woon baie gemeenskappe volgens die inheemse reg, wat as ongeskrewe gewoontereg beskou kan word.
D B en C.

1.1.3 Dui aan watter een van die volgende stellings verkeerd is: Die sakereg handel oor saaklike regte, wat regte betreffende dinge of sake is. Sake beteken die volgende:

A 'n Onafhanklike voorwerp, byvoorbeeld lug in 'n silinder.
B 'n Tasbare voorwerp, byvoorbeeld 'n hond.
C Iets wat eie aan die mens is, byvoorbeeld emosies.
D 'n Voorwerp wat nuttig en waardevol vir die mens is, byvoorbeeld 'n CD se houer.

1.1.4 Watter stelling is verkeerd? Ten einde geldig te wees, moet 'n testament aan die volgende vereistes voldoen:

A Dit moet op skrif gestel word
B Dit moet deur die erfgenaam onderteken wees
C Twee getuies moet die testament in die teenwoordigheid van die testateur en van mekaar medeonderteken.
D A en C.

Kopiereg voorbehou

1.1.5 Kies die mees korrekte stelling:

A Familiereg is daardie deel van die privaatreg wat die verhouding tussen 'n eggenoot en sy vrou reël.
B Familiereg is daardie deel van die privaatreg wat die verhouding tussen 'n kêrel en sy meisie reël.
C Familiereg is daardie deel van die privaatreg wat die verhouding tussen 'n ouer en kleinkind reël.
D A en B.

(5 × 1) (5)

1.2 Kies 'n item/woord uit KOLOM A wat by 'n beskrywing in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Regsnorm	A	wat jy verskuldig is
1.2.2	'n Wet toepas	B	uitsprake deur die hof
1.2.3	Regsreëls	C	persoon wat 'n testament opstel
1.2.4	Aanklag	D	iemand word beskuldig van die pleging van 'n misdaad
1.2.5	Regspresedent	E	'n persoon se totale bates, soos 'n huis, motor of geld
1.2.6	Boedel	F	die reëls wat 'n land of staat verlang dat mense sal volg
1.2.7	Laste	G	om seker te maak dat 'n wet nagevolg word
1.2.8	Testateur	H	beheer alle aspekte van staatsadministrasie en die verskillende staatsinstellings
1.2.9	Staatsreg	I	bevestig die belangrike menseregte van elke burger van Suid-Afrika
1.2.10	Handves van Regte	J	'n stel reëls gebaseer op algemeen aanvaarde sosiale gedrag, wat geskep is deur 'n persoon of afdeling van die regering wat die gesag of bevoegdheid het om regsreëls te skep

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Daar is 'n verhouding tussen gemenereg, die howe, misdade, remedies, wetgewing en die Grondwet.

1.3.2 Sekere misdade is gemeenregtelike misdade.

1.3.3 Broers en suster kan met mekaar in die huwelik tree.

1.3.4 'n Vennootskap behels dat minstens vyf mense instem om 'n onderneming te vestig waar elke persoon 'n skenking doen en in die winste deel.

1.3.5 'n Gebruik speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die reg. Dit kan 'n wet word (en deur die Grondwet erken word) wanneer die volgende gebeur:

- indien die gebruik 'n gevestigde praktyk word
- indien die meerderheid mense in 'n samelewing 'n sin vir verpligting het, 'n gevoel van verbintenis met die gebruik.

1.3.6 Daar is drie belangrike tipes reëls wat ons gedrag bepaal of beheer, naamlik regsreëls, interne reëls en morele en etiese reëls.

1.3.7 Wanneer ons van 'n regspresedent praat, bedoel ons dat jy jou as president van die hof verkiesbaar stel.

1.3.8 'n Gebruik wat deur 'n enkele gesin nagevolg word, staan bekend as gewoontereg.

1.3.9 'n Tribunaal is 'n administratiewe liggaam wat sekere misdade kan vervolg.

1.3.10 'n Administratiewe handeling is 'n handeling wat slegs met die funksie en doel van die regering te make het, bv. 'n visvanglisensie.

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Wederregtelike handeling deur een persoon wat 'n besering of verlies by 'n ander persoon veroorsaak

1.4.2 Die kontrak van verhuring en huur tussen 'n verhuurder en huurder, waarin die verhuurder daartoe instem om beheer en genot van die eiendom aan die huurder te gee vir 'n gespesifiseerde tydperk en vir 'n spesifieke bedrag huurgeld

1.4.3 'n Regsproses waarvolgens jy 'n hof versoek om iemand te beveel om op 'n bepaalde manier op te tree (om óf iets te doen óf nie te doen nie), sodat daar nie op jou regte inbreuk gemaak word nie

1.4.4 'n Organisasie wat as 'n regspersoon erken word, en wat byna enige soort besigheid bedryf.

1.4.5 Klein gedeeltes van 'n maatskappy wat mense kan besit

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Die doel van die reg is om sosiale konflik op te los, orde te bewaar en geregtigheid te bevorder. Regsreëls word gebruik om 'n land met sy staatsbestuur te help. Enige land het reg, moraliteit en geregtigheid. Voorbeelde van regsreëls is verbintenisreg, kontraktereg, deliktereg, en so meer.

2.1 Onderskei tussen die volgende:

2.1.1 Reg (5)

2.1.2 Moraliteit (3)

2.1.3 Geregtigheid (4)
[12]

VRAAG 3

Wie en wat word as 'n regsubjek (persoon) in die personereg beskou? **[8]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 4

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Die meeste lande ter wêreld het die afgelope paar jaar 'n resessie beleef. Daar word ook voorspel dat Suid-Afrika binnekort 'n resessie kan ervaar. As gevolg hiervan kan sommige maatskappye insolvent verklaar word.

Wat word bedoel met 'insolvensie' kragtens die Insolvensiewet, 1936 (Wet 24 van 1936)? **[10]**

VRAAG 5

5.1 Omskryf strafreg. (5)

5.2 Noem die elemente van 'n misdaad. (4)

5.3 Verduidelik kortliks wat die volgende misdade behels:

5.3.1 Misdade teen 'n ander persoon

5.3.2 Misdade teen 'n ander se eiendom

5.3.3 Misdade teen die belange van die staat

(3 × 2) (6)

5.4 Definieer *bewysreg*. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 30

NCV

AFDELING D: Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Inheemse reg is steeds van toepassing in Suid-Afrika ná die Republiek se eerste demokratiese verkiesing in 1994. Die Wysigingswet op die Bewysreg, 1988 (Wet 45 van 1988) bepaal dat die hof geregtelike kennis van inheemse reg kan neem. Dit beteken dat die hof die reg kan aanvaar, sonder dat dit eers bewys moet word. Die enigste vereiste is dat die reg nie teen openbare polisie of die beginsels van natuurlike geregtigheid moet wees nie.

Bespreek die rol van inheemse reg in Suid-Afrika met betrekking tot die volgende aspekte:

6.1.1	Die persoon in inheemse reg	(7)
6.1.2	Inheemse reg en opvolging	(5)
6.1.3	Inheemse reg en die huwelik	(8)
		[20]

OF

VRAAG 7

Noem en bespreek TIEN laer howe in Suid-Afrika. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou